

8 November

Skrifgedeelte: Psalm 1:1-6 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 1:1,2

Die geheim van die gelowige

In Psalm 1 vind ons 'n pragtige en duidelike beeld om die standvastigheid en standhoudendheid van die gelowige uit te beeld. Die gelowige word hier vergelyk met 'n boom wat langs 'n waterstroom staan. Ons weet dat 'n boom baie oud kan word. Dit is nie vanweë sy eie krag en goedheid nie. Nee, sê Psalm 1, die boom het 'n geheim, en die geheim is die waterstroom wat deur sy wortels vloei. As dieselfde boom in die woestyn geplant word, sal dit nie 'n dag lank oorleef nie. Die boom langs die waterstroom haal egter met sy wortels die nodige voedsel uit die grond en die nodige water uit die waterstroom. Dit gee hom groeikrag, sterkte en oorwinning. Oor die boom kom daar ook beproewinge en teëspoede. Die reën- en haelstorms van die lewe swaai sy takke heen en weer, breek soms van sy takke af maar as die storm verby is, stoot die boom weer nuwe lote uit, groei en word weer van vooraf 'n pragtige boom.

Die gelowige word vergelyk met die boom. Die ongelowige word vergelyk met kaf wat deur die wind verstrooi word. Die gelowige se geheim is God se genadestroom wat deur sy lewe (moet) loop. Dit is die genadestroom van God se verbond, liefde en versorging. Dit hou die gelowige in stand en laat hom ná beproewinge weer herstel. In God se genade lê die lewe en die oorwinning. Daarom sing ons in Psalm 42: "Soos 'n hert in dorre streke skreeuend dors na ... die helder waterbeke, so skreeu my siel na U o God." God het die waterstroom wat ons so nodig het, voorsien in Jesus Christus. Daarin lê ons geheim as gelowiges.

Sing: Psalm 1:1,2 en Psalm 42:1 Ds AH Klopper (Kroonstad)